

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 21 Augustus 2011**

Oggenddiens 09:30			Jeugdiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 145:10	Bl.697	Psalm 84:2	Bl.424
2.	Psalm 145:1 - 5	Bl.696	Psalm 84:1 & 6	Bl.424
3.	Skrifberyming 9-3:1		Skrifberyming 17-2:3,4,5,6	
4.	Psalm 146:8	Bl.701	Skrifberyming 5-3:2,4,5	
5.	Skrifberyming 15-1:1 - 4		Skrifberyming 13-3 (Amen)	
6.	Skrifberyming 13-3 (Amen)			

**BEROEPING VAN 'N PREDIKANT**

Baie dankie vir die name van predikante wat ontvang is met die oog op die beroeping van 'n nuwe predikant. Die proses verloop verder soos volg.

1. Eerskomende Donderdag (25 Augustus) om 18:00 vergader 'n *Classis Contracta* ('n verkleinde Klassis wat bestaan uit ons kerkraad saam met afgevaardigdes van twee naburige gemeentes onder voorsitterskap van die konsulent) in ons kerkgebou om goedkeuring vanaf die klassis te verkry om te beroep, 'n gebruik in ons klassis.
2. Direk na afloop van die *Classis Contracta*, vergader die Breë Kerkraad waartydens 'n dubbeltal saamgestel gaan word uit die name wat vanuit die gemeente ontvang is.
3. Die dubbeltal sal dan vir die volgende twee Sondae (28 Aug en 4 Sept) aan die gemeente voorgehou word, maar sal in die tussentyd ook by wyse van die e-Nuusbrief bekendgemaak word.
4. Op **Sondag 4 September** sal daar tydens 'n gemeentevergadering 'n predikant deur die gemeente verkies en deur die kerkraad na die gemeente beroep word.

Ons opregte bedes is dat ons hemelse Vader hierdie proses sal seën en spoedig 'n leraar só sal lei om die beroep op te volg en mettertyd in ons gemeente te kom arbei.

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 21 Augustus 2011

Nommer 22

DIE LOGIKA VAN GOD SE KONINKRYK

God laat die Evangelie van die verlossing dwarsoor die wêreld verkondig (1 Kor. 1:21; Hand.1:8). Ons hoor dit ook! Hoekom? Sodat ons kan *glo!* (Joh.20:31). Ons kan niks anders daarmee maak nie. Jy moet versigtig wees hoe jy geloof sien. Dit is nie *geloof* wat jou red nie. In vraag 61 van die Heidelbergse Kategismus, bely jy dat jy nie *op grond van die waarde van jou geloof vir God aanneemlik is nie*. God red jou nie op grond van jou geloof nie. Hy het jou dan al gered toe jy nog 'n sondaar, 'n vyand van Hom was (Rom.5:10). Hoe nou? Jy *glo* dat God jou gered het. Jy *glo* nie dat God jou nog sál red as jy *glo* nie!

- Dat jy *glo* is op sigself niks werd nie.
- *Geloof* is die daad van 'n bankrot boemelaar wat vertrou dat Iemand Anders hom sal help.
- Geloof IS belangrik. Jy kan net doen wat God wil as jy glo (Hebr.11:6). Net dié mense wat glo word gered (Joh.3:16).

Bots hierdie gedagtes met mekaar?

As die wat *glo* gered word en dié wat nié glo nie nié gered word nie, dan *IS* dit mos die geloof wat jou red! Dis tog logies. Die *logika van God se Koninkryk* is anders as die logika van mense. *Byvoorbeeld: as ek jou 'n tjek van R100 gee en jy glo die tjek dan neem jy dit na die bank en wissel dit oor die toonbank. Dan kry jy R100 kontant. Jy kry nie die R100 omdat jy die tjek glo nie! Jy kry R100 omdat ek wat die tjek geteken het R100 in die bank het. As jy die tjek nie geglo het nie en dit opgeskeur het, dán het jy niks gehad nie. Jy gaan nie hemel toe omdat jy die evangelie glo nie, maar omdat Jesus Christus vir jou aan die kruis betaal het. As jy dít nie glo nie dan skeur jy dit op en gooi dit weg en dan ontvang jy nie die ewige verlossing nie. Dit is die plek van die geloof! As jy die waarheid van die Woord van God glo dat Jesus Christus vir jou sondes aan die kruis betaal het en jy eien jouself dit toe, word dit in jou lewe 'n werklikheid. Dit laat jou nie alleen in die verlossing lewe nie, maar ook belewe.*

Dr. Nico van der Merwe.

**PREKE VANDAG**

Dr. Sarel van der Walt

**Oggenddiens Tema: KLEEDREPITISIE****Lees:** Efesiërs 4:17-24**Teks:** Ef. 4:22-24

Efesiërs 4 raak ons diepste geestelike wese. Met die beeld van klere uittrek en aantrek beskryf Paulus die verandering wat die Gees in ons denke en dae bewerk. Die “trek uit” is die mens se sondige natuur, die ou lewe, die ou, vuil klere. Die “trek aan” is die mens se nuutgemaakte natuur, die nuwe lewe, die skoon, nuwe klere. Ons moet nie meer soos ou mense leef nie, maar ons moet vanweë die verlossing die ou vuil kleed uittrek en skoon, nuwe klere moet aantrek, as verwysing na die nuwe lewe wat ons moet lei omdat ons verlostes is. Paulus beskryf dus die basiese beginsels van ’n gelowige se lewe wat leef vanuit die verlossing.

**Aanddiens Tema: DIE ‘ONMOONTLIKE’ HET MOONTLIK GEWORD****Lees:** Filippense 1:27 – 2:11 & HK Sondag 14**Teks:** Filippense 2:6, 7

Christus het mens geword – volledig. Geen deel van die menslike lewe was vir Hom vreemd nie; Hy het alles verduur wat ’n gewone mens verduur, maar meer: Hy het ook God se toorn oor die sonde verduur om ons te verlos. Daarom moes Hy in die vlees na die aarde toe kom soos wat die Skrif op baie plekke voorspel/geprofeteer het. Die betekenis van dit alles: Christus is ons Middelaar en met sy onskuld en heiligheid bedek Hy al my sondes voor God, ook my aangebore sondes.

**UITNODIGING****Halfeeufees van die Gereformeerde Kerk Orkney**

Die Gereformeerde Kerk Orkney is op 3 Desember 1961 gestig. Die gemeente dank en eer die Here vir sy 50 jaar van genade en seën. Die halfeeufees word gedenk die naweek van 26 en 27 November 2011.

Lidmate van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord wat op een of ander wyse betrokke was by die Gereformeerde Kerk Orkney, word hartlik uitgenooi om Saterdag, 26 November 2011 saam met Orkney se lidmate te kom verkeer en Sondag, 27 November 2011, Nagmaal te vier, met die nodige toestemming van hulle kerkrade.

Lidmate wat die feesgeleentheid wil bywoon, skakel asseblief met Freddie Rust n/u by 018-473-3041 of met Anita Snyman by 018-473-3533, sodat die nodige reëlins getref kan word. Orkney sien daarna uit om almal tydens die feesgeleentheid te ontvang.

Met die oog op ’n gedenkboek, word lidmate met interessante herinneringe, foto’s of enige ander inligting oor die verlede van Orkneygemeente, vriendelik versoek om dit aan ons te stuur na:

Posbus 493, Orkney 2620

Belangstellendes word ook uitgenooi na ’n Gholfdag, DV Saterdag, 1 Oktober 2011 op Orkney se pragtige gholfbaan. Kom neem deel van vroeg tot laat.

Vir verdere inligting skakel met Mickey Daniel: 082-552-8031.

**MOTOR TE KOOP GESOEK – KAN IEMAND HELP?**

’n Goedkoop motor word benodig vir ’n jong moeder in ons gemeente om mee werk toe te ry. Die werk is baie belangrik vir haar aangesien sy daarmee help om haar gesin te versorg. Sy sal ’n maandelikse bedrag (tot en met R1000) kan afbetaal. Skakel asseblief met oudl. Johan Mocke by 083 292 8337, wat die saak fasiliteer.




VERLORE SEUN

Ek het ver weg gegaan,
my pa se huis vaarwel
gesê vir vriende,
spanne girls, volop dop –
as jy wil, kan jy
elke aand party skop.

Ek het gegaan, ver weg,
my byna opgeskrop.
Maar nou is dit so koud.
En hierdie bietjie bier.
O, waar is jy nou,
ou warm boud?
'n Kool kan ek nie maak
met hierdie hout.

Ek moet opstaan
en na my pa gaan soek.
Maar wie is hy?
Is hy die een wat
daar hand in die sy
tussen die varke staan
en lag vir my?

E.W.S Hammond
Uit: Hamburgers en hotdogs 1980.



KATKISASIE DEUR PREDIKANT

Soos vroeër al berig, het die kerkraad dit goedgekeur dat die predikant eenkeer per kwartaal vir al die kinders saam katkisasie gee. Die wenslike sal wees om die laerskool en hoërskoolkinders tydens aparte geleenthede te onderrig, maar vir die eerste geleentheid sal dr. Sarel van der Walt al die kinders (laerskool en hoërskool) saam sien, synde dit ter inleiding sal wees tot lesse wat ek later (en dan afsonderlik vir laerskool en hoërskool) wil aanbied. *Die eerste van hierdie katkisasie-geleenthede is op Sondag 4 September in die gewone tydgleuf na die oggenddiens.*



BYBELVERSPREIDING

Gedurende die huidige rondte huisbesoeke sal die ouderlinge koevertjies uitdeel vir bydraes wat gemaak kan word vir Bybelverspreiding. Die riglyn wat gestel word vir bydraes per lidmaat is R25.



KLASSIS JEUGKAMP

Die klassis bied 'n jeugkamp aan vir ouderdom 12-18jaar tydens die naweek van 2-4 September 2011 by Magalies Jeugkampterrein. Inligtingstukke is die afgelope Sondag tydens die katkisasie-opening aan die kinders uitgedeel. Indien enigeen nog vorms wil hê, of meer inligting verlang, kan julle gerus met dr. Sarel van der Walt skakel (082 920 1601 / 018 468 6877 / sarel@gkklerksdorpnoord.co.za). Die sluitingsdatum vir inskrywings is vandag, 21 Augustus 2011.



PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en
teëlwerk

Skakel Corrie Botha 083 429 4824

NA-SKOOLOSE JEUG BRING-&-BRAAI

Alle na-skoolse jeug (min of meer in die ouderdomsgroep 18-30) word uitgenooi na 'n bring-&-braai eerskomende Saterdag 27 Augustus 2011 DV vanaf 15:00 onder die afdakke hier by die kerkgebou. Elkeen bring sy eie vleis, ander bykosse, drankies, eetgerei en stoele. Vuur word voorsien. Hoop om soveel moontlik van julle daar te sien!



GEMEENTE-ETE OP SONDAG 28 AUGUSTUS 2011

Op Nagmaalsondag, 28 Augustus, gaan ons nie soos gebruikelik 'n bring-&-braai hê nie aangesien die weer hierdie tyd van die jaar baie onvoorspelbaar kan wees. Ons wil egter graag die volgende reëlings deurgee:

Elkeen gesin bring die volgende saam:

- 'n Gaar vleisgereg (koud of warm),
- 'n slaai of groente-gereg, en
- 'n nagereg.

Ons dek 'n gesamentlike tafel in die saal en almal eet dan saam. Elkeen bring eie eetgerei, iets te drinke en gemoedelike saamkuier gesindheid. Vir die wat wil kan ons reeds direk na die diens stoele gereedmaak om te kuier en almal kom bymekaar in die saal om 12:00 en die ete sal om 12:30 wees.



LIDMATE TER APPROBASIE VOORGEHOU

Die volgende lidmate word deur die kerkraad ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die besondere dienste. As diaken: brs Niel Lemmer, Kota Cloete, srs Marlene Lemmer, Ronel de Klerk, Marietjie van Aswegen, Tina Stols, Elmarie Kruger, Ansie van Vuuren. As ouderling: Brs. Frans Smit, Hennie van Rooyen, Nic Lemmer, Chris van Vuuren, Chris Brits, Jan de Klerk jr. Vandag kom die 3-weke approbasietydperk ten einde. As daar geen besware ontvang is nie, word die betrokke lidmate geroep tot die onderskeie dienste, waarna hulle, indien hulle die roeping opvolg, in die ampte bevestig sal word op 'n datum soos deur die kerkraad bepaal sal word.



BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds HB Coetsee van Ontdekkers na Pretoria-Wes.
- Ds AN du Plessis van Postmasburg na Wolmaransstad.
- Ds PW Kurpershoek van Middelburg na Pretoria-Annlin as medeleraar.
- Ds LAS Nel van Elandskraal na die Christian Reformed Church of Langwarren in Melbourne, Australië.

BEROEPE AANVAAR

- Ds JJ de Kock van Vaalharts na Delareyville/Sannieshof-kombinasie.
- Ds MPA Venter van Potgietersrus-Wes na Amanzimtoti.

BEROEPE BEDANK

- Ds MP Fourie van Aliwal Noord na Zeerust.
- Ds P Venter van Potchefstroom-Oos na Nelspruit as medeleraar.



- * **Julle praat te veel van God in plaas daarvan om meer te werk.**
- * **Godsdienstwiste is die oes van die duiwel.**
- * **Niks onder die son is toevallig nie.**
- * **Die musiek van die Evangelie lei ons huis toe.**
- * **Die einde van die toorn is die begin van die berou.**
- * **Niemand is ryk genoeg om die verlede terug te koop nie.**
- * **Hoe korter jy jou kuier maak hoe gouer sal jy weer genooi word.**
- * **Prosedeer oor 'n baadjie en hou jou broek klaar vir die onkoste.**
- * **Die luiaard is die enigste man wat van sy slaap moet rekenskap gee.**
- * **Jy sal nie dikwels 'n skelm aantref wat kort gebonde is nie.**

GOD SE GEHEIM *Efesiërs 3:10-11*

In In die oorspronklike teks word daar in hierdie gedeelte op 'n paar plekke verwys na die openbaring van God. In die Nuwe vertaling is dit vertaal met 'die geheimenis van God' wat bekend gemaak word aan die mensdom. Vraag is: Wat is hierdie geheim wat openbaargemaak word? Die antwoord lê in die fokusverse. Die eue-oue geheimenis van God het bekend geword deur Christus. Kyk ons terug na die Ou Testament, dan tref ons, wat ons noem, die skadu-godsdiens aan want die ware lig het nog nie deurbreek nie. Sou die ware Lig ooit deurbreek? Ja tog, die geheimenis wat eue en geslagte lank verborge was, is nou geopenbaar. Die inhoud daarvan is Jesus Christus! Die (al-)wysheid van God se raad straal uiteindelik in sy volle glorie: Jesus Christus. God het vooruit beloof dat Een sal kom om die kop van die slang te vermorsel. Die moederbelofte van Genesis ontplooi stelselmatig tot in sy volle glorie met die geboorte van die Messias. Hoe wonderlik is dit nie om te kan berus in die wysheid van God nie. Hy het dit vooruit bestem dat Jesus Christus die vergestaltung van sy wysheid sal wees, daarin lê ons redding en uiteindelik die hoop op lewe. Daarom: In ons verbondenheid met Hom (Jesus Christus) kan ons met vrymoedigheid en vertrouwe na God gaan, maak nie saak wie jy is nie, maak nie saak wat jou probleme en bekommernis en worsteling is nie. Christus is vir ons die waarborg dat God ons in genade aansien en ons genadiglik wil versorg! Daarom lewe ons, daarom lewe die kerk! God het in sy alwysheid dit bestem dat Christus die weg tot (ewige) lewe is. Ons het die vaste versekering dat God hierdie aardse lewe van ons in sy hande vashou, al verstaan ons nie altyd die wye draaie daarvan nie. Uiteindelik kan ons berus in die wete dat Hy in sy alwysheid met ons oppad is na 'n ewige lewe. *Dr. Sarel*

BYBELSTUDIEGROEPE**SONDAG 21 AUGUSTUS 2011**

19:00-20:00 in die konsistorie. Die Hebreërbrief.

WOENSDAG 24 AUGUSTUS 2011

10:00-11:00 in die pastorie. Die Lukasevangelie.

**KERSPROGRAM**

Dit is hierdie jaar ons gemeente se voorreg om die jaarlikse gesamentlike kersprogram te reël en aan te bied. Die voorlopige datum hiervoor is Sondag 27 November 2011. Lidmate word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die program by wyse van koorsang, musiekinstrumente of voorlesings. Alhoewel amptelike oefendatums/-geleenthede nog nie vasgestel is nie, nooi ons belangstellendes uit om intussen in verbinding te tree met die volgende persone:
 Hennie Venter – 082 324 2713
 Martie Venter – 073 826 3526
 Beide kan ook per epos bereik word by eisi@vodamail.co.za

**IN GOD WORD DIE ONMOONTLIKE MOONTLIK**

Hulle vra Hom toe: "Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?" (Johannes 6:28)

Mense gaan van die standpunt uit dat dit vir die mens onmoontlik is om te doen wat God van jou verwag. Die taak wat in die Bybel vir die mens opgeskryf is, is gans te swaar en te moeilik om te bereik. In hierdie opsig deins mense terug om selfs eers te probeer om te doen wat God beveel. God laat die gelowiges nie in die duister nie. Hy leer ons dat dit saam met Hom moontlik is om die onmoontlike te bereik. In Christus is jy tot alles in staat omdat Hy aan jou die krag en vermoë daartoe gee (Fil. 4:13). As jy dus wanhopig uitroep: "Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?", dan antwoord God op jou vraag: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het" (vs.29). Deur die geloof word jy in staat gestel om die "onmoontlike" wat jy gedink het te bereik. God eis nie van jou as mens waartoe jy nie in staat is nie. Hy skenk aan jou die vermoë om dit te kan doen!.

KOLLEKTES			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
21 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasiefonds GKSA	
28 Augustus	Barmhartigheid	GKSA Jeugsorg	
4 September	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiefonds	
			
GEMEENTEPROGRAM			
Sondag 21 Augustus tot Saterdag 27 Augustus 2011			
Sondag 21 Augustus	Oggenddiens	09:30-10:30	
Sondag 21 Augustus	Katkisasie – Les 19	10:30-11:10	
Sondag 21 Augustus	Aanddiens	18:00-19:00	
Sondag 21 Augustus	Bybelstudie in Konsistorie	19:00-20:00	
Maandag 22 Augustus	Samekomstekommissie	18:00	
Woensdag 24 Augustus	Bybelstudie Pastorie	10:00-11:00	
Donderdag 25 Augustus	Classis Contracta	18:00	
Donderdag 25 Augustus	Breë Kerkraadsvergadering	19:00	
Donderdag 25 Augustus	Vergadering Ouderlinge	20:00	
			
TEESKINKBEURTE			
Sondag 21 Augustus 2011	Wyke 02 & 03		
Sondag 28 Augustus 2011	Geen teeskink/nagmaal		
			
Verjaarsdae			
22 Aug	<i>Minette Lubbe</i>	Wyk 27	082-301-2955
24 Aug	<i>Martie Strydom</i>	Wyk 15	018-468-8981
25 Aug	<i>Charl Rossouw</i>	Wyk 26	082-460-7889
26 Aug	<i>Franco Mocke</i>	Wyk 23	018-468-3671
26 Aug	<i>Johan Scheepers</i>	Wyk 24	018-484-1887
27 Aug	<i>Freek Cornelius</i>	Wyk 22	018-468-6803
27 Aug	<i>Hannes Nortman</i>	Wyk 17	018-468-2747
Ontvang die hartlike gelukwensing van die gemeente op u verjaarsdag. Mag u in die nuwe lewensjaar die seën en bystand van die Here ontvang in alles.			



LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING

- ***Emma Bezuidenhout*** is die afgelope week in Klerksdorp-hospitaal behandel.
- ***Br Paul Vorster*** sterk steeds aan in Wilmed se intensiewe sorg-eenheid, maar dit gaan by die dag beter. Ons betuig ons diepe dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader vir die mooi beterskap. Ons bid dat sy behandeling verder geseën mag word en dat hy spoedig kan terugkeer huis toe.
- Ons het die hartseer nuus ontvang dat ***Annalize Booysen se pa*** met maagkanker gediagnoseer is (hy woon in Orkney). Ons bid vir die gesin en familie dat ons hemelse Vader julle almal in hierdie tyd sal dra en versterk.
- ***Sr Tersia van der Merwe*** (dr Nico se vrou) word vandag in die Jakaranda Hospitaal opgeneem waar sy môre geopereer word vir die herstel van die karpale tunnel van die regterhand. Toetse het gewys dat die karpale tunnel van die regterhand toe is en die senuwees vasknyp. Ons bid dat daar seën sal wees op die operasie en 'n mooi herstel.
- ***Sr Magda van der Walt*** ondergaan komende Donderdag 'n knie-operasie in Wilmed. Sterkte toegebied!
- ***Sr Lidie Botha*** se herstel na haar operasie verloop tydsaam. Ons bid vir geduld te midde van die ongemak en pyn wat sy steeds ervaar en ons bid haar beterskap toe.
- ***Sr Susan Botha*** was die afgelope tyd baie ongesteld en moes by geleentheid behandeling ontvang in Tsepong-hospitaal. Baie sterkte en beterskap toegebied.
- ***Br Kobus en sr Bettie Pieterse se seun*** ondergaan tans chemoterapie vir pankreaskanker. Ons bid vir hom en die gesin in hierdie beproewingsvolle tyd.



- ♦ Daar is honde wat net hoef te knor. Dit is die wat reeds tevore gewys het dat hulle kan byt.
- ♦ Die man wat die kosbaarste ware het, loop die minste daarmee te koop. Op hierdie reël is die tong geen uitsondering nie.